

‘n Ánder brief aan die kerkdeur

– ‘n poging tot kommentaar op Nico Geldenhuys se 5/11/2011 BY artikel (“My brief aan die kerkdeur”)

Ferdie Mulder
15 November 2011
Cambridge

Net mooi ‘n dag ná Nico Geldenhuys se artikel in BY verskyn het (“My brief aan die kerkdeur”, 5/11/2011), ontvang ek uit die bloute op Facebook ‘n persoonlike boodskap van ‘n bekommende moeder wat vertel van haar seun en skoondogter wat dié Sondag-more uit die kerk gestap het nét toe die gemeente predikant ‘n teoloog voorstel wat die erediens sou waarneem. Waar Nico sy “Bybel gegryp [het] en na die uitgang gehardloop” het ten tye van ‘n nagmaals erediens – klaarblyklik omdat hy nie meer kan glo in die “mites” van ‘n Jesus wat maagdelik verwek is, vir ons sondes gesterf het, en letterlik uit die graf opgestaan het nie, het dié jong egpaar dieselfde gedoen maar om heel ander redes.

Maak nie saak wie die teoloog was wat gepreek het nie, die jong egpaar het klaarblyklik beleef dat hulle geloof in dié Jesus wat vir hulle maagdelike verwek is, vir ons sondes gesterf het en letterlik opgestaan het, hulle genoop het om op te staan en uit die kerk te stap. Later sou ek hoor dat die jong man al vroeër respekvolle gesprekke met dié teoloog gehad het, wat hom oortuig het dat hierdie geleerde se “dogma” nie meer die goeie nuus van die Bybel is nie. Nes Nico sy opstaan klaarblyklik met Martin Luther kon vergelyk, so sou die jong egpaar ook kon doen.

Sommige teoloë en navorsing wys tereg daarop dat daar in veral die Weste ‘n afname in kerkbywoning is en dat die gesekulariseerde samelewning ‘n negatiewe uitwerking het op voorheen Christelike gemeenskappe (Sien bv. Philip Jenkins se *Next Christendom*). In besonder hoor mens ook in dié kringe van ‘n diepe skeptisisme as dit kom by dogmas soos Jesus se maagdelike verwekking, kruisigung of sy opstanding. Met ‘n Jesus wat morele wyshede, liefde en sosiale geregtigheid vir ons gee is daar geen probleem nie, dis die bonatuurlike en unieke aansprake wat ‘n enorme probleem skep. Nico se verhaal illustreer iets daarvan.

Aangekom in Engeland in 2007, waar ek met ‘n meestersgraad in die bybelwetenskappe begin het, het ek my sielkundig voorberei vir ‘n yskoue ontvangs, want mens is gereeld gewaarsku dat meeste Europese bybelwetenskaplikes en filosowe nie meer so naïef is om te glo in die “mites” van ‘n Jesus wat maagdelik verwek is, vir ons sondes gesterf het, en wat letterlik uit die graf kon opstaan nie.

Hoe aangenaam verras was ek nie! Vinnig vinnig te lande het ek gaan rondkrap in groot boekwinkels en reg langs Richard Dawkins, Christopher Hitchens en John Humphrys óók die boeke van CS Lewis, Alister McGrath en Peter Hitchens op die rakke kon vind. Drie bekende ateïste (die laaste Christopher se broer) wat na intense navorsing en worsteling uiteindelik Christene geword het.

Ook by sommige universiteite is ek verras. By Cambridge ontmoet ek verskeie bybelwetenskaplikes wat met integriteit glo dat Jesus se liggaamlike opstanding steeds vandag die mees geloofwaardige verklaring vir die historiese getuienis is – en hulle álmal

neem Sondae met ‘n skoon gewete deel aan die nagmaal. Ook in Wittenberg, Duitsland hoor ek uit die mond van ‘n wêreldbekende professor wat die Martin Luther leerstoel beklee, dat hy op grond van dekades se navorsing en eksegese steeds daarvan oortuig is dat Jesus se graf leeg is en dat hy regtig uit die dood opgestaan het. Wat meer is, die teoloog wys my die eerste (massiewe groot) weeshuis in Duitsland (‘n klipgoot vanaf sy kantoor) wat deur August H. Franke begin is in die nadraai van die Lutherse reformasie in Halle. Alles glo die dankbare gevolge van en hoop in ‘n gekruisigde en opgestane Here wat verlossing vir sondaars bewerk het.

As mens met deernis en liefde aan Nico Geldenhuys se verhaal dink, wonder mens of daar al predikante of vriende was wat hom al voorgestel het aan van dié internasjonale reuse wat oor dekades heen intense navorsing doen? – wêreldklas teoloë wat met verbysterende kennis, integriteit en opregte soeke kan getuig van dié Jesus wat vandag nog lewe in die bladsye van die Nuwe Testament. En hulle is beslis nie gaanjies in die grond nie! Een teoloog van Cambridge byvoorbeeld (wat ook gereeld preek in sy gemeente) het reeds vyf monograwe op sy kerfstok en het onlangs twee dik volumes voltooi oor die Evangelie van Judas en Thomas onderskeidelik. (Twee kontroversiële gnostiese geskrifte).

So tussendeur my studies en navorsing gaan lees ek nou en dan ‘n artikel of twee van Suid-Afrikaanse teoloë om in voeling te probeer bly met my geliefde geboorte land. Onlangs lees ek toe die 2011 artikel oor Jesus se opstanding wat professor Sakkie Spangenberg van Unisa en die Nuwe Hervorming in ‘n joernaal geskryf het. In die artikel het prof Sakkie (vir wie ek respekteer omdat hy uit die kerk bedank het!) teorieë ontwikkel wat ek al in my derdejaar as student van kennis geneem het. Met respekte, niets was regtig nuut daarin nie (althoewel daar natuurlik ook ander teoloë is wat sy standpunte onderskryf). Maar hoe teleurstellend was dit nie, toe ek besef dat daar nie *een* paragraaf, *een* sinnetjie of selfs net *een* voetnota was wat verwys na selfs net *een* van dié vooraanstaande wetenskaplikes wat ek in Engeland die afgelope aantal jare leer ken het nie.

Nico skryf in sy verhaal dat hy as jong student “met alle geweld teologie wou gaan studeer” omdat sendelinge hom geïnspireer het om ook die “Woord van die Here” te gaan verkondig. Uiteindelik het hierdie “kaarthuis in duie gestort” en nadat hy “probeer [het om te] red wat te redde is deur by die liberale teoloë vlerk te sleep” het hy uiteindelik handoeke ingegooi. Vir Nico hoef die Christendom nie te staan of val by ‘n letterlike interpretasie van sy “mites” nie. “Jesus se geboorte-verhale en die leë graf was later bygevoeg, en die oorspronklike Christus-ervaring het tevore sonder hierdie tierlantyntjies bestaan” beweer hy. Nico is nou “oortuig daarvan dat God nie bestaan nie”.

Met baie deernis en liefde wil mens vir Nico en ander wat soos hy worstel vertel van kraakvars en substansiële navorsing wat op hierdie oomblik by van die wêreld se voorste universiteite aan die gang is - ontwikkelinge wat enorme geloofwaardigheid aan die getuenis in die Nuwe Testament gee.

Nico en ander wat nie meer in God glo nie, is natúúrlik geregtig om my ernstig te kritiseer vir my standpunte, en ook gronde daarvoor te vind. Vir al die verhale van mense wat hulle “geloof verloor”, is daar egter ook verhale van geharde ateïste wat na intense worsteling uiteindelik tot geloof gekom het in dié Jesus wat Nico met “mites” beskryf. ‘n Vriend van my hier in Engeland, Nigel, is een so ‘n voorbeeld, wat na ‘n Alfa kursus tot bekering gekom het. Hy werk nou al ‘n klompie jare op Vrydae aande onder die straatkinders in hulle midde-dorp, sonder betaling. Nog ‘n voorbeeld is die verhaal van Kelly en Kevin, twee voorheen

uitgesproke ateïste. Tim Keller vertel hoe hulle twyfel oor God “very stubborn” was, “and yet they had doubts about their doubts, and so they began attending Redeemer [Presbyterian Church]”. Hulle reis na geloof was “slow and painstaking”. Toe kom die deurbraak – op ‘n dag skryf Kevin: “While sitting in a coffee shop reading C.S. Lewis’s *Mere Christianity*, I put down the book and wrote in my notebook ‘the evidence surrounding the claims of Christianity is simply overwhelming’. Daardieoggend het Kevin in ‘n New York koffiewinkel sy lewe aan Jesus oorgegee.

Daar is deesdae ‘n wye verskeidenheid mense wat om verskillende redes in hulle kerke bly, of oorgaan na ander kerke, of sommer die kerk totaal los. Dit is vir niemand nuus nie. Nico bly binne die NG Kerk, pleit dat Jesus meer “mities” verstaan moet word, en glo nie meer in God nie. Hy betoog dat ons Christus-ervaring sonder hierdie “tierlantyntjies” kan bestaan en het ook ‘n NG gemeente gevind waar dit glo heeltemal aanvaarbaar is. Ander mense (my eie gesin ingesluit) het ook soos die jong egpaar in my eerste paragraaf gekies om uit die NG Kerk te stap met hulle redes. Waar ek nou kerk gaan hier in Engeland is dit ‘n groot voorreg om te sien en te beleef hoe óók ateïste na ‘n ontmoeting met ‘n voorheen “mitiese” Jesus, radikaal verander en sonder wroeging weekliks nagmaal vier; én dan deur die week saam met mede-gelowiges uitgaan in hulle gemeenskappe om naasteliefde, versoening en hoop te bring.

Ferdie Mulder

PhD Promovendus in Nederland en deeltydse navorsing by Tyndale House, Cambridge, Engeland

Akademiese rekord

BTh (met lof), MTh (Pretoria), M.A. (Durham), PhD Promovendus (Radboud Universiteit, Nederland- sedert Maart 2010)

Kopiereg voorbehou ☺